60 Jaar Woerie-Fees (18-20 Mei)

18 Mei:

Die dag word spesiaal deur die leerlingraad gereël om die leerders van Hoërskool Centurion te bederf met ’n pretdag. Die dag se program gaan vol opwindende aktiwiteite wees en beloof om ’n onvergeetlike dag te wees.

Die dag is ’n verpligte skooldag en leerders meld gewone tyd by die skool aan en skryf die geskeduleerde toetse soos op die toetsrooster aangedui. Die dagprogram is vanaf 10:00 - 16:00 en volg met ’n heerlike opelugfliek vanaf 18:00 - 21:00 wat saam met ’n braai gepaard gaan. Braaigeriewe sal voorsien word, maar leerders is self verantwoordelik vir kampstoele, komberse, eetgerei en kos. (Sien volledige program aangeheg).

Koste:

Slegs R60 vir 60 jaar!

Vir leerders om deel te neem aan die aktiwiteite op 18 Mei, moet hulle asb. hul R60 by hulle registerpersoneellid inbetaal.

U kontakpersoon vir die pretdag sal me. S. Barnard wees. U kan haar gerus kontak by shereen@hscenturion.co.za

19 Mei:

Hoërskool Centurion nooi graag die gemeenskap uit om saam met ons ons te kom feesvier!

Die dag beloof om vol opwinding te wees, met Elvis Blue as ons hoofkunstenaar en vele ander talent wat gaan sorg vir vermaak.

Daar sal ook heerlike kos, stalletjies, kindervermaak en biertuin wees. Kom wees deel van die ongelooflike viering, kom kuier saam en kom beleef die Woerie-hartklop!

Kaartjies:

Slegs R60 vir 60 jaar!

Kaartjies om die hele dag se gebeurtenisse en Elvis Blue se vertoning by te woon, kos R60 en is aanlyn beskikbaar deur iTickets by https://itickets.co.za/events/397986. U kan ook gerus u kaartjies by die betrokke registerpersoneel koop of kontant of per kaart by me. A. Herbst in die finansiekantoor. Kaartjies sal ook op 19 Mei by die hekke beskikbaar wees.

Parkering en sekuriteit:

Veilige parkering is op die skoolterrein teen R20 per motor by krieket- en tennishek beskikbaar. Lyttelton Primary (2 blokke van die skool af in Potgieterstraat) se velde word ook gebruik vir addisionele parkering. Die hoofhek word slegs as voetgangerhek gebruik.

Sekuriteitswagte word op beide parkeerterreine, sowel as in die straat voorsien. Dit sal waardeer word indien u ’n fooitjie aan hul betaal.

Hoërskool Centurion nooi al ons ouers uit!

Hoërskool Centurion bied graag die geleentheid vir ouers om heerlik saam te kuier en mekaar bietjie beter te leer ken. Daar sal spesifieke areas geallokeer word vir ouers om in graadgroepverband bymekaar te kom. Die graadhoofde van elke graad sal ook die geleentheid bywoon. Ouers sal volgende week ’n brief ontvang met ’n skeurstrokie waar hulle hul bywoning kan aandui asook wat hulle graag sal wil bydra i.t.v. geriewe, bykosse ens. Braaigeriewe sal vir ouers voorsien word om te gebruik.

U kontakpersoon vir die funksie is me. K. Lombard. U kan haar gerus kontak by karin@hscenturion.co.za

Hoërskool Centurion nooi alle oud-Woeries uit!

Hoërskool Centurion nooi graag alle oud-Woeries uit om saam met ons ons te kom feesvier! Daar sal ’n tent beskikbaar gemaak word wat as basis sal dien vir al die oud-Woeries. Daar sal braaigeriewe verskaf word waar groepe sommer self reëlings kan tref om te braai en bykosse te maak. Daar sal ook ’n registrasiepunt wees waar oud-leerlinge kan aanmeld om as Alumni-lid te registreer. Ons vra asb. dat die groepe hul eie kampstoele/komberse en eetgerei sal bring, die basiese tafels en geriewe sal binne-in die tent verskaf word.

Ons sien baie uit om as huidige Woeries en oud-Woeries saam te kuier.

U kontakpersoon vir die funksie is me. L. Jordaan en u kan haar gerus kontak by lenette@hscenturion.co.za vir verdere vrae.

Hoërskool Centurion nooi alle uitstallers in Centurion uit!

Hoërskool Centurion nooi alle uitstallers in Centurion uit om deel te kom wees van die 60 Jaar Woerie-fees wat op 19 Mei plaasvind!

Voorkeur sal verleen word aan handvervaardigde produkte wat kreatiwiteit en oorspronklikheid toon.

Indien u belangstel om by die fees te kom uitstal, kontak gerus vir Elri by info@thepurplecow.co.za

20 Mei:

Opelug kerkdiens:

Om die naweek met ’n hoogtepunt af te sluit, nooi ons graag die gemeenskap uit om saam met ons die opelug kerkdiens by te woon. Die diens sal saam met Doxa Deo gemeente Lyttelton plaasvind en Ds. Greta Serfontein sal die diens vir ons lei.

Die diens begin om 09:00 op die A-rugbyveld. Toegang is gratis. Bring asb. u eie kampstoel of kombers saam. Koffie en verversings sal beskikbaar wees om te koop.

60 Jaar Woerie-fees hoofprogram:

Program onderhewig aan veranderinge

18 Mei:
10:00 - 16:00: Pretdag-aktiwiteite op die skoolterrein
18:00 - 21:00: Braai en opelugfliek (B-rugbyveld)
*Slegs vir Hoërskool Centurion leerders.

19 Mei:
13:00: Hekke open: Aktiwiteite begin
16:00 - 16:30: Plaaslike Junior-verhoogoptredes
16:30 - 17:45: Plaaslike Senior-verhoogoptredes
17:45 - 18:15: Oud-Woerie-sterre bekendstelling
18:30 - 19:30: Gaskunstenaar: Elvis Blue
22:00: Amptelike program eindig. Biertuin sluit.
Daar sal deur die dag deurlopend heerlike kosstalletjies, handgemaakte produkte, kindervermaak asook ’n biertuin wees. Bring asb. u kampstoel of piekniekkombers saam. *Geen alkoholiese of nie-alkoholiese drankies mag op skoolterrein ingebring word nie. *Daar sal spesiale areas geallokeer word vir oud-Woeries en graadgroepe om te kuier.

20 Mei:
09:00 - 11:00: Opelug kerkdiens (A-rugbyveld)
Bring asb. u eie kampstoel of piekniekkombers saam. Koffie en verversings te koop.